

Die Seun: Barmhartige en getroue Hoëpriester (OP81)

Heb 2:17-18

20 Maart 2022

Laasweek het ons na Heb 2:14-16 gekyk en besin oor die menswording van die Seun. Ons het besin oor die wonder van die feit dat Hy wat ewig God was, tog ook mens geword het. Ons het gesien dat as gelowiges een met die Seun moes word, moes die Seun die skeiding tussen God en die mens oorbrug – en dit is wat Hy gedoen het tydens Sy menswording. Hy het dieselfde aard as mense aangeneem – Hy het vlees en bloed geword. Maar tog was Hy ook anders as ons gewone mense – veral in die sin dat Hy sonder sonde was. Ons het laasweek na drie doelwitte gekyk wat deur die Seun se menswording bereik is: (1) Die Seun het in die proses die duiwel ontwapen, (2) die Seun het die vrees van gelowiges vir die dood weggeneem, en (3) die Seun het beslag gelê op die nageslag van Abraham.

Vandag kyk ons na Heb 2:17-18. Daar is duidelik 'n noue verwantskap met verse 14-16 waarna ons laasweek gekyk het – immers onderstreep vers 17 weereens dat die Seun gelyk geword het aan Sy broers, en dus mens geword het. Ons vind in hierdie verse verdere motivering vir die menswording, en ek gaan dus voort om hieroor te besin aan die hand van Pink se uitleg hiervan.

Kom ons lees weer vers 17-18. Hier is vier sake wat aangespreek word: (1) Die mensheid van die Seun (vers 17a), (2) die Hoëpriesterskap van die Seun (vers 17b), (3) die versoeningsoffer van die Seun (vers 17c), en (4) die hulp van die Seun aan gelowiges in versoeking. Kom ons kyk na elkeen van hierdie vier sake:

Die Mensheid van die Seun (vers 17a)

Ons het laasweek in redelike detail hierna gekyk en som dit dus net kortliks op. Ons lees hier dat die Seun in elke opsig aan Sy broers gelyk moes word. Ons weet dat dit gerealiseer het as ons byvoorbeeld lees dat die Seun honger geword het, moeg geword het, dat Hy as kind geleer moes word, dat Hy by tye bly was, dat Hy by tye ontsteld, verontwaardig en selfs kwaad was, dat Hy emosies getoon het soos wat mense emosies toon, dat Hy in afhanklikheid gebid het soos wat mense bid. Heb 4:15 leer ons dat Hy selfs aan versoeking onderwerp is, soos ons, en soos wat vers 18 bevestig. Maar daar was 'n groot verskil: Hy het nie gesondig nie (Heb 4:15). Soos wat ons laasweek gesien het: Hy was werklik 'n mens soos ons, met die verskil dat Hy nie gesondig het nie – Hy was heilig, ook as mens.

Die Hoëpriesterskap van die Seun (vers 17b)

Die feit dat die Seun ons Hoëpriester is, word later in Hebreërs in detail bespreek. Ons beperk ons dus tot enkele opmerkings oor hierdie groot onderwerp. Hierdie is die eerste keer in die Bybel waar die Seun pertinent beskryf word as Hoëpriester – die konsep het natuurlik al elders in die Bybel voor gekom, maar hier word Hy spesifiek Hoëpriester genoem.

Hoekom het ons as mense 'n Hoëpriester nodig? Soos wat ons al vroeër genoem het, is daar skeiding tussen God en die mense. Die skeiding het gekom toe die mensdom in sonde geval het. Rom 5:10 gaan so ver om te sê ons was vyande van God. Ons sien hierdie skeiding as ons in 1 Tim 6:16 lees dat God in ontoeganklike lig woon – terwyl Abraham in Gen 18:27 sê hy is maar net 'n mens van stof en as. God se aard is heilig en rein, terwyl die sondegevalle mens se aard vuil en onrein is. In die Ou Testament was dit juis die rol van die hoëpriester om as tussenganger tussen die volk en die Here op te tree – die hoëpriester moes hierdie skeiding oorbrug deurdat hy d.m.v. die offers versoening

moes doen vir die sondes van die volk. Hy moes deur die offers die toorn van God oor die sonde stil maak. Hierdie Ou Testamentiese priesters was tipes van die Seun, wat nou volgens vers 17b die ware Hoëpriester is waarna hulle gewys het.

Vers 17 beskryf Hom juis as 'n barmhartige en getroue Hoëpriester. Die feit dat Hy 'n barmhartige Hoëpriester is, beskryf Sy verhouding teenoor die mense vir wie Hy as Hoëpriester optree. Die feit dat Hy barmhartig is, beteken natuurlik dat Hy simpatie en empatie het met hulle nood. Omdat Hy barmhartig is teenoor hulle, wil Hy hulle verlos, wil Hy hulle ondersteun in hulle nood. Omdat Hy mens is net soos hulle, omdat Hy as mens dieselfde ervarings gehad het as hulle, daarom is Hy barmhartig teenoor hulle. Ja, die engele dien ook die gelowiges, maar hulle het nooit dieselfde omstandighede ervaar soos wat die Seun as mens ervaar het nie – daarom is Hy 'n barmhartige Hoëpriester.

Hy word ook beskryf as 'n getroue Hoëpriester. Dit beskryf Sy verhouding as Hoëpriester met God. Net soos wat die Seun gedring word deur Sy besorgdheid oor die gelowiges, netso word Hy ook gedring deur die feit dat God heilig is. Die gevolg is dat Hy absoluut daarop ingestel is om aan God se vereistes te voldoen, en daarom bly Hy getrou aan wat die Vader van Hom verwag. As Hoëpriester is die Seun die tussenganger tussen die gelowiges in nood teenoor wie Hy in barmhartigheid optree, en die Vader wat absoluut heilig is en niks minder van Hom verwag as absolute gehoorsaamheid nie, en teenoor wie Hy dus in getrouheid optree.

Die versoeningsoffer van die Seun (vers 17c)

Ons lees dat die Seun gelyk geword het aan Sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kan wees om die sondes van die volk te versoen. Hier is die doel van Sy Hoëpriesterskap: om versoening te doen vir die sondes van die volk.

Aldrie Afrikaanse Bybelvertalings vertaal dit op hierdie manier. As jy na die NIV kyk, word dit vertaal met: "... that He might make atonement for the sins of the people". Daar is egter 'n onderskrif in die NIV wat sê dit kan ook vertaal word met: "that He might turn aside God's wrath". Die ESV vertaal dit met: "to make propitiation for the sins of the people". Ek lê klem hierop, omdat hier iets is wat veral in die Afrikaans verlore gaan. Kom ons kyk na nog 3 tekste om dit raak te sien:

- | | |
|------------|---|
| 1 Joh 2:2 | OAV/NAV: Hy is die versoening vir ons sondes
NIV: He is the atoning sacrifice for our sins
ESV: He is the propitiation for our sins |
| 1 Joh 4:10 | OAV/NAV: versoening vir ons sondes
NIV: an atoning sacrifice for our sins
ESV: the propitiation for our sins |
| Rom 5:11 | OAV/NAV: deur wie ons die versoening ontvang het
NIV/ESV: we have now received reconciliation |

Ek hoop die punt is duidelik: In al 4 tekste in Afrikaans word die woord "versoening" gebruik, terwyl daar in Engelse vertalings twee verskillende woorde gebruik word: atoning sacrifice (NIV) / propitiation (ESV) en reconciliation (NIV en ESV). Die Engelse vertalings gebruik twee verskillende woorde omdat daar in die Grieks twee verskillende woorde gebruik word, met twee verskillende betekenisse. Beide word in Afrikaans egter met "versoening" vertaal.

Ek dink ek is reg as ek sê dat as ons die woord "versoening" in Afrikaans in 'n Christelike konteks gebruik, het dit vir ons die betekenis dat daardie vyandskap wat daar tussen ons en God was, effektief aangespreek is en daar is gevolglik nou vrede tussen ons en God. Ons het nou vrye toegang tot God en hou vas aan die volle realisering van ons hoop op die ewige saligheid. Dit is die betekenis

van die woord “versoening” in Rom 5:11. Gaan lees maar weer daardie eerste verse van Rom 5 – dit handel oor die vrug van vryspraak en praat oor die vreugde waarin gelowiges deel omdat hulle met God versoen is. Dit is die ekwivalent van die Engelse woord “reconciliation”.

Maar dit is nie die woord wat in vers 17 in Heb 2 gebruik word nie (en ook nie in I Joh 2 en 4 nie). Die inhoud van die woord wat met “propitiation” vertaal word, is ‘n handeling wat gerig is op God. Dit is daardie optrede van die Seun wat goed beskryf word in die onderskrif in die NIV: “He turned aside God’s wrath”. Dit is deur die volmaakte offer van die barmhartige en genadige Hoëpriester dat God se toorn en wraak oor die sondes van die mens gestil word. Dit is die betekenis van vers 17. Dit fokus op daardie deel van die proses van versoening met God waar die Seun die wraak van God weggevat het. “Propitiation” loop eventueel uit op volledige “reconciliation”. “Propitiation” is ‘n deel van “reconciliation” – maar dit lê klem op daardie deel van die proses waar God se toorn weggevat word deur die werk van die Hoëpriester.

Kom ons staan nou vir ‘n oomblik terug en kyk na vers 17 as ‘n geheel: Die Seun moes gelyk geword het aan Sy broers, sodat Hy as barmhartige en getroue Hoëpriester die toorn van God oor die sondes van die volk kon wegneem. Ek vertrou die laaste deel van die vers is duidelik: die werk van ‘n effektiewe Hoëpriester met ‘n effektiewe offer was nodig om God se toorn weg te vat. Maar hoekom was dit nodig dat die Seun eers gelyk aan Sy broers moes word, voordat Hy so ‘n effektiewe Hoëpriester kon wees?

Kan ek jou herinner aan die rol van ‘n lossers in die Ou Testament. Die bekendste voorbeeld van ‘n lossers in die Ou Testament is sekerlik Boas wat as lossers vir Naomi en Rut opgetree het. Hoekom kon juis Boas vir hulle as lossers optree? In Rut 2:20 sê Naomi: “Hierdie man is familie van ons. Hy is een van ons lossers”. In Rut 3 lees ons van ‘n hele insident waar eers uitgevind moes word of daar nie ‘n nader familielid was wat bereid was om as lossers op te tree nie. Sien jy die punt: die lossers moet familie wees. Die lossers moet naby familie wees! Sien jy die punt? As die Seun as barmhartige en getroue Hoëpriester ons wil verlos van die toorn van God oor ons sondes – moet Hy familie wees! Dáárom moes Hy gelyk aan Sy broers word!

Daar is nog ‘n rede. Ons redeneer dikwels soos volg: Ons as mense is dood in ons sonde. Maar die Seun is barmhartig en Hy het Hom ontferm oor ons nood. Daarom het Hy mens geword. Genadiglik was Hy sonder sonde, en het dus nie sondeskuld van Sy eie gehad waarvoor Hy moes betaal nie. Hy het toe, alhoewel Hy onskuldig was, in ons plek God se toorn oor ons sondes gedra en sodoende God se toorn weggevat. Soms word die volgende tipe vergelyking gemaak om dit prakties te verduidelik: gestel nou maar daar is een of ander oortreding gepleeg. Natuurlik is iemand skuldig aan hierdie oortreding. Maar dan kom iemand anders, en alhoewel hy onskuldig is aan die oortreding, erken hy skuld daarvoor en dien namens die werklike oortreder die tronkstraf uit. Nou, daar is ‘n reuse probleem met hierdie verduideliking: Selfs in ‘n menslike regstelsel, as dit sou uitkom dat ‘n onskuldige persoon in die tronk sit, sal die saak reggestel word. In so ‘n geval het reg nie geskied nie. ‘n Onregverdige oordeel is gefel.

Die vraag is nou is dit hoe God, wat absoluut regverdig is, sal optree? Sal Hy i.p.v. om die skuldige sondaarmense met die dood te straf wat hulle verdien, Sy onskuldige Seun in hulle plek met die dood gestraf? Maak dit God dan nie onregverdig nie? Is dit werklik die basis waarop God se toorn gestil word? God sal tog nie die Onskuldige straf, en die skuldiges vry laat wegkom nie?

Om die saak behoorlik te verstaan is daar ‘n belangrike saak wat ek in die verlede al uitgelig het, maar wat ek nou dubbel en dwars wil onderstreep omdat dit relevant is vir die verstaan van vers 17. Let op die klem wat die Heilige Gees alreeds geplaas het op die feit dat die Seun en die gelowiges

een is: In vers 11a het ons geleer dat die Seun en die gelowiges een is deurdat Hy hulle heiligmaak soos wat Hy heilig is. Vers 11b beskryf dat die Seun en die gelowiges broers is – hulle is een familie. Vers 12 lig uit dat die Seun en die gelowiges saam, of een, is in aanbidding. Uit vers 13 blyk dit dat die Seun en die gelowiges een is in hulle vertroue op die Here. Vers 14 beskryf dat die Seun een in aard is met die gelowiges omdat Hy ook vlees en bloed geword het soos hulle. In vers 16 is die Seun duidelik een met die nageslag van Abraham deurdat Hy beslag lê op Abraham se nageslag in lyn met God se belofte, en in vers 18 lees ons dat die Seun en die gelowiges een is in die sin dat hulle dieselfde ervaring het in terme van versoeking. As jy ooit gewonder het waarvoor dit is dat Jesus in Sy hoëpriesterlike gebed in Joh 17 gebid het op die vooraand van die kruisiging toe Hy die Vader gevra het dat die gelowiges een mag wees met Hom – wel, hier in Heb 2 is ten minste sewe dimensies van daardie eenheid.

Maar in hierdie selfde verse is daar nog 'n beklemtoning wat ons moet raaksien wat hand aan hand gaan met die eenheid, en dit is die volgende: Vers 10 sê daar is baie kinders wat tot heerlijkheid gelei word, maar die Seun is die Leidsman wat hulle soontoe lei. Vers 11 beskryf die Seun as die Een wat die leiding neem deurdat Hy hierdie kinders heilig maak. Vers 12 sê hierdie kinders is Sy broers – maar Hy is die Een wat die Naam van die Vader aan hulle bekend maak. Vers 13 sê hier is Hy met die kinders wat God Hom gegee het – duidelik is Hy die Een aan wie die Vader die kinders gegee het, Hy is dus hulle voorganger. In verse 14-15 is die Seun die Een wat die duiwel ontwapen en wat die vrees vir die dood van die kinders, van Sy broers, wegneem. In vers 16 is Hy die Een wat beslag lê op die nageslag van Abraham, en in vers 18 is Hy die Een wat Sy broers help wanneer hulle versoek word.

Sien jy dit? Twee sake wat die heelyd hand aan hand loop: Aan die een kant word die eenheid tussen die Seun en die gelowiges onderstreep – hulle is broers, hulle is een familie, hulle aanbid saam, hulle het dieselfde aard, hulle ervaar dieselfde versoeking. Aan die ander kant word dit duidelik onderstreep Hy is hulle Leier, hulle Leidsman, Hy is die Een wat heilig maak, Hy maak die Vader aan hulle bekend, Hy ontwapen die duiwel vir hulle, Hy is die Een wat help as hulle versoek word. Sien jy die prentjie: Hulle is een, en Hy is die Hoof. Hulle is een liggaam, met Hom as die Hoof. Hy is nie net barmhartig teenoor hulle nie, nee, Hy word één van hulle. As hulle Hoof, is Hy nie net simpatiek met hulle nie, nee, Hy is één met hulle. Nou: Omdat Hy een is met hulle en omdat Hy hulle Hoof is, neem Hy hulle sondeskuld op Hom. Hy word tot sonde gemaak. Hy gaan sterf nie aan die kruis as onskuldige nie. Ja, Hy het nie self skuld gehad nie, maar Hy het die skuld van Sy broers, en as hulle Hoof gaan sterf Hy. Omdat hulle één is met Hom, sterf hulle effektief saam met Hom. En omdat hulle één is met Hom, staan hulle ook saam met Hom op. Hy is voorwaar hulle Leidsman tot die verlossing. Hy is voorwaar 'n barmhartige en 'n getroue Hoëpriester. Hy het voorwaar God se toorn weggevat – op 'n regverdig manier deurdat Hy een is met Sy broers en hulle sonde as hulle Hoof op Hom geneem het.

Wie is die “volk” waarvan in vers 17 gepraat word? Ek hoop dit is teen hierdie stadium duidelik: dit is die wat die saligheid gaan beërf (1:14), dit is die kinders wat tot heerlijkheid gelei word (2:10), dit is die wat geheilig word (2:11), dit is die broers (2:12), dit is die nageslag van Abraham (2:16) – dit is die wat een is met die Seun (2:11).

Die hulp van die Seun aan gelowiges in versoeking (vers 18)

In vers 18 lees ons dat die Seun self versoeking gely het. Met my beperkte kennis van Grieks, lyk dit tog vir my of die woord wat hier gebruik word, dieselfde woord is wat in Jak 1:2 vertaal word met “beprowe” – en mag ek byvoeg, dit is ook hoe meeste kommentatore dit interpreteer. Ons het nie nou die tyd om Jak 1 behoorlik te interpreteer nie – daarvoor wil ek jou verwys na 'n preek op my blog wat handel oor die sesde bede van die Onse Vader, “Lei ons nie in versoeking nie” (jy kan

die preek vind onder die Gebedspreke). Die enigste punt wat ek hier wil maak is die volgende: Ons beleef almal toetse in ons lewens. 'n Toets is gewoonlik iets wat moeite en aandag verg om te hanteer. So 'n toets kan 'n konstruktiewe uitkoms hê – Jak 1:3-4 sê sulke toetse kan aanleiding gee tot volharding en selfs volle geestelike ryphed. Sulke toetse noem Jak 1 beproewings. 'n Toets kan egter ook aanleiding gee daartoe dat die persoon toegee aan sondige begeertes. So 'n toets het 'n destruktiewe uitkoms, en word in Jak 1 versoekings genoem (Jak 1:13-15). Die punt is dat wat hier in vers 18 beskryf word, konstruktiewe toetse is, oftewel beproewinge – dieselfde as wat in Jak 1:2-4 beskryf word.

Die Seun het as mens natuurlik ook sulke toetse ervaar. Hy het egter nooit aan enige sondige begeertes toegegee nie, en daarom was al hierdie toetse in Sy lewe beproewinge met 'n konstruktiewe uitkoms. Dink maar aan Mat 4 waar Hy deur die duiwel versoek is, maar die versoeking weerstaan het, en dus daarvan 'n beproewing gemaak het. Maar daar was baie ander gevalle in Sy lewe waaraan ons kan dink: Dink aan die frustrerende insidente met die Fariseërs of selfs die gebrekkige insig van Sy dissipels wat nie altyd die implikasies van Sy lering verstaan het nie – dit was beproewinge vir Hom. Daar was ook Sy persoonlike worsteling met Sy lyding – dit was vir Hom as mens 'n worsteling om daardeur te gaan. Die heerlike waarheid is egter dat Hy al hierdie toetse weerstaan het en nooit aan enige sondige begeerte toegegee het nie.

Die bemoedigende boodskap in vers 18 is nou dat Sy suksesvolle hantering van hierdie situasies, Hom nou in staat stel om die te help wat ook versoek word, oftewel in die woorde van Jak 1, die wat ook getoets word. Natuurlik moet ons hier weer die gelowiges in gedagte hê. As ons hier lees: Hy kan die help wat versoek word, is daar twee implikasies: Aan die een kant beteken dit Hy is by magte om te kan help, en aan die ander kant beteken dit ook Hy is gewillig om te help.

Daar is verskeie voorbeelde in die Bybel waar gelowiges getwyfel het of die Here hulle werklik kan help: Dink maar aan Abraham en Sara wat geworstel het of hulle wel op hulle oudag 'n nageslag sou ontvang – dan sê die Here in Gen 18:14: “Is iets te buitengewoon vir die Here?” Toe Moses gewonder het of die Here werklik kwartels vir die volk kan gee, het die Here geantwoord: “Dink jy Ek het nie die mag nie?” (Num 11:23). Vir Jeremia het die Here gesê: “Is iets vir My onmoontlik?” (Jer 32:27) En tog het die Here in elke geval wel gehelp. In vers 18 kry ons die versekering die Seun kan ons ook help – maak nie saak hoe moeilik die toets is waaraan ons onderwerp word nie.

Maar die Seun wil ons ook help. Toe Petrus op die water geloop het en uit vrees vir die wind begin sink het en Hy vir Jesus gevra het om hom te help, het Jesus dadelik Sy hand uitgesteek en hom gegryp (Mat 14:30-31). Die Seun is maar te gewillig om ons te help in ons toetse.

Afsluiting

Dit bring ons aan die einde van Heb 1 en 2 – twee aangrypende hoofstukke. Kom ons staan vir 'n oomblik terug en dink aan die aangrypende inhoud van hierdie twee hoofstukke en wat ons hier van die Seun geleer het:

Ons het gesien dat God in die laaste dae deur die Seun praat. Hand aan hand hiermee het ons gesien dat die heerlikheid van God uit die Seun straal, en dat Hy die ewebeeld van die wese van God is. Hy is dus die Een wat die wil van die Vader aan ons bekend maak. Hy is dus die Ware Profeet.

Die Seun is ook die Een deur wie alles geskep is. Hy is die Een wat alles in stand hou. Hy is die Koning wat reeds oor alles regeer van waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Hy is in beheer van selfs die engele wat Hy uitstuur om te doen wat Hy wil. Hy heers vir ewig. Hy het reeds die duiwel ontwapen, maar Hy gaan ook al God se vyande finaal oorwin. Hy gaan alles aan die einde van die

tyd, oprol soos 'n kledingstuk – en dan gaan Hy die erfgenaam wees van alles. Dan gaan Sy broers saam met Hom heers – soos wat God se bedoeling van die begin af was. Die Seun is dus die Opperkoning.

Hy is God. God self noem die Seun God. Hy was nog altyd God, en sal ook vir altyd wees. Hy bly dieselfde. Sy jare het geen einde nie. Hy is ewig. Hy is verhewe bo die mense en die engele – behalwe vir die tydjie wat Hy minder as die engele was en gelyk was aan Sy broers. Daarna is Hy weer met eer en heerlikheid gekroon.

Hy het egter ook mens geword. Hy het vrywillig mens geword. Hy het volmaak mens geword. Maar Hy het nie gesondig nie. Hy het mens geword omdat daar 'n skeiding was tussen God en die mense. En God wou baie as Sy kinders tot heerlikheid lei – toe word die Seun mens. Hy word hulle barmhartige en getroue Hoëpriester. Hy word hulle Leidsman tot die verlossing. Hy word een met hulle en Hy word hulle Hoof. Hy neem hulle sondes op Hom en maak dit Sy eie. Hy gaan stil God se toorn oor hulle sondes. In die proses ontwapen Hy die duiwel. Hy neem die kinders van God se vrees vir die dood weg. Hy maak hulle heilig. Hy maak hulle Sy broers. Hy maak die Vader aan hulle bekend. Hy stuur Sy engele om hulle te dien. Hy leer hulle aanbid. Hy help hulle as hulle versoek word in toetse. En eventueel sal hulle die saligheid beërf en saam met Hom heers. Die Seun is dus die ware Hoëpriester.

Geliefdes: Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdryf nie. As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is, hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit Sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur die wat dit gehoor het. Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens Sy wil (Heb 2:1-4).

Mag elkeen van ons dit alles wat ons gehoor het, soveel kragtiger vasgryp. Aan God alleen die eer!